# HERSTEL VAN LOSGESKEURDE LABRUM

## Inleiding

Die skouergewrig is 'n komplekse gewrig met 'n bal-en-potjie-ontwerp wat beweging in verskeie rigtings toelaat.

## Skoueronstabiliteit

Skoueronstabiliteit en ontwrigting gebeur wanneer die gewrig in 'n rigting geforseer word sodat die kapsel skeur en/of die labrum lostrek vanaf die glenoïed aanhegting.

## Insnydings

Klein insnydings word om die skouer gemaak waardeur die artroskoop en die chirurgiese instrumente geplaas word vir die operasie.

## Besigtiging

'n Elektroliet oplossing vloei deur ‘n buis of kanule in die skouer in  om die kapsel van die skouer te laat uitsit sodat besigtiging van die gewrig verbeter word. Die beeld word gestuur na 'n video monitor sodat die chirurg kan sien wat in die gewrig aangaan en om werk te doen.

## Herstel

Chirurgiese instrumente word in die gewrig geplaas en word gebruik om die labrum terug te heg aan die glenoïed met behulp van beenankers en hegtingsmateriaal wat aan  hierdie ankers vas is.

## Einde van prosedure

Sodra die labrum herstel is word die chirurgiese instrumente verwyder en 'n rehabilitasie program volg hierna.